




**Rietfluit familiebrief**

**MEI 2005**



## 2005 Jeugjaar



**Saamstaan, ondersteuning en medewerking die resep vir jeugontwikkeling en groei.**

‘n Bord vir woord, lied, beeld en getuienis -


Op 15 Oktober 2000 is die digitalebord letterlik en figuurlik ingesing! Vele kon getuig: "..... waar 'n mens ook al dese dae in die kerk jou plekkie kry, sal elkeen beslis steeds uit volle bors kan saamsing, al het die vrou die boekie by die huis gelaat, of al is die bril nie in die binnesak nie."

Dis reeds 4 ½ jaar gelede, die tegnologie het verander en die **datbord** is geïnstalleer. Aan elkeen wat op welke wyse 'n bydrae gelewer het en gaan lewer om die bord in die kerk staan te maak, 'n opregte woord van dank- van die Fondsebediening, al die aksies en dan veral die Jeug se projekte en inisiatief om die datbord te finansier- elkeen se stukkie omgee is van besondere waarde.

**DANKIE** dat ons nou nuwe getuienis oor die nuwe bord kan hoor: " sjoie, dit maak 'n groot verskil..."; "uitstekend..."; " ....dit trek 'n mens se aandag"; "...visuele beelde bly 'n mens by"; " ...dis nou boodskap met ekstra oemf..."

\*\*\*\*\*

### **Vir die Jonger Garde**



Twee jaar gelede het die volgende opskrif in **Die Rietfluit** verskyn:

**‘N BEKENDE BOODSKAP MET ‘N NUWE KLANK** - evangelie in koeranttaal met die volgende opskrifte:

**“God gaan ons bevry ” sê gewese balling**

**en**

**ONTMOETING WAS ONTSTELLEND EN HEERLIK SÊ MOSES**

Indien ons van soortgelyke gebeure vandag in die koerant sou lees, sou die mensdom die gebeure maar net weer toeskryf aan die mag van die natuur - soos 'n aardbewing in Turkye, 'n Tsoenami in Suidoo-Asië, tornado's in Amerika .... Wat sou jou reaksie gewees het so 2005+ jaar gelede?





**Uitneemtye:**  
**Dinsdae: 11:00 – 11:30**  
**Sondae: 10:00 – 10:30**

Uit die inisiatiefkamp van **Media & Reklame** en veral die harde werk van Johanna Koen, is 'n biblioteek op die been gebring!! Ongeveer 400 boeke is reeds met ISB nommers gemerk en uitgepak. Verskeie kindervideo's, klank- en beeldvideo's ens is ook beskikbaar. Die biblioteek word as 'n diens aan die gemeente bedryf, daarom word geen aansluitingsfooi gevra nie. Donasies vir die uitbreiding en administrasie van die biblioteek sal egter welkom wees.

Ons lidmate sal vanaf 1 Julie 2005 kan begin boeke uitneem.

**Biblioteekversoeke:**

- Vrywilligers om biblioteekdiens te doen – skakel asb vir Johanna Koen by die Kerkkantoor (331 3531)
- Geestelike boeke in 'n goeie toestand (alle boeke wat geplaas word, gaan deur 'n keuringsproses)
- Tydskrifte: Maksiman, Finesse, Die Lig



Waaroor: Animasie Video's oor die lewe van Jesus  
 Hoeveel: 'n volle 26 van hulle  
 Waar: Media Biblioteek  
 Die video's is in 'n maklike Engels - hier is somer 'n gulde geleentheid om jou Engels op te skerp  
 Die volgende titels is onder meer beskikbaar:

|                               |                         |
|-------------------------------|-------------------------|
| The tomb is empty             | Go forth in my name     |
| Lazarus                       | Fishers of men          |
| The baptism according to John | A new kind of justice   |
| The child among wise men      | The master story teller |

Indien jy die bogenoemde as legkaart moes bou, wat sou jy eerste en laaste plaas in die lewe van Jesus?

Laat jou ouers jou hiermee help!!

Laat ons weet watter video's vir julle die meeste beteken!!



# Pinkster 2005

## God roep ons tot 'n Geesvervulde lewe


Vanaf 9-12 Mei vanjaar het die fokus op Geesvervulde lewe geval. Die vraag na wat is 'n Geesvervulde lewe, het tot die oordenking van ander aspekte gelei, soos wat die kind van God verhinder om 'n Geesvervulde lewe te lei; hoe kan ons naby die Here leef en wat beteken dit om 'n borrelende getuie te wees.

Volgens Galasiërs 5 en Efesiërs 5, herinner die Woord ons daaraan dat ons wel geesvervuld is, ons moet net daarvolgens lewe!! Dat ons daagliks in hernuwing ten volle oorgegee sal lewe; ons emosies, verstand, tyd en krag. Dit is noodsaaklik vir 'n oorwinnende lewe om in en deur die Gees te lewe. Stefanus (Hand 7:55) is 'n voorbeeld van so 'n vervullende, Geesvervulde lewe wat deur die krag van die Heilige Gees funksioneer. In Gen 5,6 is dit duidelik dat Henog en Noag met God gewandel het, so die verhouding en kommunikasie met God was die belangrikste in hulle lewens, daarom kom hulle geesvervuldheid ervaar.

**Wat verhinder ons dan om Geesvervuld te lewe?** Sonde kan ons beroof van 'n skoon, oop verhouding met die Here en dus tussen ons en 'n Geesvervulde lewe staan. Dit blyk dat die aardse waardesisteem dat tyd ontbreek, asook TV, sport, gemaksug en selftevredenheid die grootste deel van ons lewe uitmaak.

Hoe kan ons dan as 'n borrelende, Geesvervulde getuie leef? Geesvervuldheid het alles te dien met watter plek die Bybel in ons lewens inneem, want dis veral hier waar ons God se stem hoor. Daarom sal ons weer moet begin vertrou, alles in die hand van die Here laat, 'n keuse maak teen sonde, wêreldse denksisteme uitsny en volgens Ef 5, vra na die wil van God. Kol 3 meld dat die Woord ryklik in ons moet woon. D.w.s. dat ons hele wese verryk moet word deur die Woord; dat ons soos in Ps 1, die Woord sal aanvaar, lees, memoriseer, oordink en leef!! Eers dan kan ons soos Jakobus 1:20-25 dit stel, werklik begin doen en in wese getuie wees.

Neem asb kennis dat die Pinkster-reeks vervolg op die volgende datums:

|  Datum | Tyd  | Tema  |
|---|------|---|
| 29 Mei  | 9:00 | 'n Geesvervulde Lewe beteken om in liefde te leef   |
| 5 Junie   | 9:00 | 'n Geesvervulde Lewe beteken om naby mekaar te leef |
| 12 Junie  | 9:00 | 'n Geesvervulde Lewe beteken om diensbaar te wees   |
| 19 Junie  | 9:00 | 'n Geesvervulde Lewe beteken gesonde gesinne        |



\*\*\*\*\*



## Senior Lidmatebediening



Inligting oor die van Senior Lidmatebediening:

1. Hierdie Bediening het ten doel die heil van senior lidmate en het homself ingestel om dit langs die volgende weë te bereik:

(a) Senior lidmate se sosiale behoeftes: **Die Kuierhoekie**



Op hierdie terrein word geleenthede geskep om 1 maal per week lekker saam te kuier, oor allerlei sake te gesels, geestelik en alledaags en daarna versnaperings te geniet. Hier word ook uitstappies beplan soos besoeke aan besienswaardighede, die dieretuin, botaniese tuin, ens. Daar word ook toere gereël soos die 2-daagse besoek aan die Pilansberg Wildreservaat op 18 en 19 Mei 2005; konserte gehou, sangers en sanggroepe genooi om ons te vermaak met gebruiklike innerlike versterkings daarna; braaivleise gereël en natuurlik lekker saam te sing. Les bes vergeet ons ook nie mekaar se verjaarsdae nie, en stuur of gee gereeld gelukwensingskaartjies.

**(b) Senior lidmate se materiële- en liggaamlike behoeftes:**

Senior lidmate sien om na mekaar se materiële- en liggaamlike behoeftes deur mekaar se hande te vat waar finansies nie kan bykom nie, die lewe nie meer kan dra nie, die hande nie meer die toonnaels kan tem nie en die hare nie meer kan kam en krul nie of die liggaam nie meer kan was en klee nie, ens.

**(c) Senior lidmate se geestelike behoeftes:**

Daar word ook na die Senior lidmate se geestelike behoeftes omgesien deur sorg te dra dat hulle by die ere- en spesiale dienste kan kom. Spesiale dienste soos bv die afgelope pinksterdiens om 10vm op 11 Mei 2005 word gereël wanneer gewone dienste nie bygewoon kan word nie. Dit was goed om so baie by hierdie spesiale Pinksterdiens te sien!! Ander spesiale dienste sluit onder meerin dat tuisnagmaal bedien word vir dié wat nie meer kan uitbeweeg nie; of om die Bybel te gaan lees vir die wat nie meer kan sien om te lees nie, ens.

**2. VERSOEKE:**

- (a)** Ons doen 'n beroep op lidmate wat kan, om te kom help met die groot taak.
- (b)** Senior lidmate wat nog nie die sosiale bedrywighede saam geniet nie, word vriendelik uitgenooi om by die Kuierhoekie in te skakel. Ons vergader elke Woensdagnôre om 10 uur by ds. Rischmüller se pastorie.

Navrae kan by Ouderlinge Piet en Helga Barnard (331 0765) gedoen word.

---

Ideas oor Pa

**Pa**

- is die een wat my vashou wanneer ek bang is, al is ek 30 jaar oud;
- versterk my hande wanneer ek nie meer kan vashou nie;
- leer my die kortste, mees effektiewe manier van doen;
- het 'n antwoord en oplossing vir alles;
- is die een wat saam met my bid
- is daar vir my; selfs wanneer ek dink dis nie nodig nie;
- werk sodat Ma kan spandeer;
- het seker sakke vol wortels geëet want hy sê hy kan deur my sien;
- is seker spesiaal vir my uitgesoek, want ek is dan so 'n besondere kind!

